# RISIKOBEPALINGSHULPMIDDEL VIR SLAGOFFERS VAN GESINSGEWELD

Hierdie Risikobepalingshulpmiddel is hoofsaaklik vir gebruik deur slagoffers van geweld deur intieme lewensmaats. Dit is kan hulle help om te bepaal watter risiko hulle loop om leed aangedoen te word as hulle in kontak met hulle mishandelaars bly. Dit is 'n instrument wat beoog om hierdie slagoffers te bemagtig om ingeligte besluite te neem oor of hulle 'n gesins-/intieme verhouding moet verlaat ten einde hulself van toekomstige mishandeling/leed te beskerm wat potensieel teen gesinsmanslag/ die dood kan lei as niks daaraan gedoen word nie.

| RISIKO-AANDUIDER | JA | NEE |
|---|---|---|
| 1. Het jou lewensmaat al gedreig om jou of jou gesin dood te maak/seer te maak? | | |
| 2. Het jou lewensmaat jou of jou gesin al gedreig of fisies aangerand, of gereël dat iemand anders dit doen, deur die gebruik van liggaamlike geweld of met enige wapen of gevaarlike voorwerp (bv. mes, pot, vuurwapen)? | | |
| 3. Het jou lewensmaat al 'n familielid en/of die gesin se troeteldier seergemaak of doodgemaak of gedreig om dit te doen? | | |
| 4. Is jy bang dat jou lewensmaat jou ongebore kind of kinders wat by julle bly gaan seermaak? | | |
| 5. Is jou lewensmaat al skuldig bevind aan die oortreding van 'n beskermingsbevel? | | |
| 6. Beledig, verneder, verkleineer of blameer jou lewensmaat jou heeltyd vir al sy of haar probleme om jou emosioneel te kwets? | | |
| 7. Het jou lewensmaat jou gedurig bekruip of geteister, of dit nou persoonlik, op sosiale media, of via teks of e-pos wat of het hy of sy gereël dat iemand anders jou bekruip of jou bewegings dophou? | | |
| 8. Het jou lewensmaat al jou eiendom beskadig, bv. jou bande afgeblaas of jou vensters of deure, ens. gebreek? | | |
| 9. Het jou lewensmaat jou al gedwing om seksuele omgang te hê of jou al gedwing om enige seksdaad sonder jou toestemming te verrig? | | |
| 10. Beheer jou lewensmaat jou toegang tot jou geld of vat hy of sy jou geld sonder jou toestemming of weier hy of sy om jou toe te laat om te werk of 'n inkomste te verdien? | | |
| 11. Het jou lewensmaat toegang tot 'n vuurwapen of enige gevaarlike wapen? | | |
| 12. Dink jy jou lewensmaat het 'n probleem met drankmisbruik of dwelmmisbruik of misbruik van voorskrifmedisyne wat tot sy of haar gewelddadige gedrag gelei het of mag lei? | | |
| 13. Is jou lewensmaat jaloers op, besitlik oor of beherend teenoor jou? | | |
| 14. Is jou lewensmaat uit op borgtog of parool, of het hy of sy gevangenisstraf uitgedien of is hy of sy onlangs uit aanhouding vir 'n geweldmisdryf vrygelaat? | | |
| 15. Word die geweld of beherende gedrag erger? | | |
| **Totale getal aanduiders:** | | |

**As jy 'n slagoffer van gesinsgeweld is, word jy aangemoedig om hierdie vrae eerlik te beantwoord. As jy op enige van die vrae JA antwoord, is jy in gevaar van verdere gesinsgeweld of gesinsmanslag/die dood. MOENIE UITSTEL NIE. Tree vandag op en meld die mishandeling by die naaste polisiekantoor aan. Jy kan ook na die plaaslike landdroshof gaan om aansoek te doen om 'n beskermingsbevel ingevolge die Wet op Gesinsgeweld, Wet 116 van 1998.**


**Hoofdirektoraat: Beskerming van die regte van kwesbare groepe.**

Tel: (012) 315 1111 | Faks: (012) 315 1851 | http://www.justice.gov.za

the doj & cd

Department:
Justice and Constitutional Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA